## Les 2. Ons is regtig God se beeld. Hy is nie speel-speel ons beeld nie.

### 1.**Die Bybel sê ons is God se beeld**.

25God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen
na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed.
26Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy
kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die
diere wat op die aarde kruip.” 27God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld
van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

God het alles gemaak. Hy het die aarde gemaak. Hy het die son en sterre gemaak. Hy het al die voëls en die diere en visse gemaak. God het die mens ook gemaak.

God het die mens op ’n baie spesiale manier gemaak wat baie anders is as enige iets anders wat Hy gemaak het. Hierdie spesiale manier waarop Hy ons gemaak het word genoem “beeld van God”. Die Here het ons as die beeld van God gemaak.

### 2.**Ons maak ook beeldjies**.

Kyk wat het ek hier in my hand. Die is nie sommer net ’n koppie nie. ’n Gewone koppie lyk nie soos hierdie koppie wat ek hier in my hand hou nie. Hierdie koppie is baie spesiaal want dit is ’n beeldjie.

Wie van julle weet wat se beeld is hierdie koppie?

Dit is ’n beeld van Limon, die meerkat uit die fliek “Lion King.”

Ons noem dit ’n beeldjie want hierdie koppie is eintlik ’n uitbeelding van Timoun. Ons maak ’n uitbeelding van Timoun. En hier is die uitbeelding van Timoun in my hand.

### 3.**Wie lyk soos wie?**

Wanneer ek hierdie beeldjie van Timoun so naby my gesig hou en ek sê vir julle: “Hierdie beeldjie van Timoun in my beeld! Wat gaan julle dink?

Kan ek sê hierdie beeldjie van Timoun is my beeld?

Party mense en ook kinders sal ja sê, maar die meeste ander gaan stil bly en niks sê nie. Die rede hoekom julle dalk nie wil sê Timoun is my beeld nie, is omdat julle so na die beeldjie van Timoun kyk en dan kyk julle weer na my gesig en dan dink julle ek sê ek lyk soos Timoun.

Dit is hoe die meeste hieroor dink! Jy kan net sê iets is jou beeld as dit soos jy lyk.

Dan dink ons dit is soos met foto’s. ’n Foto is ’n fotobeeld van jou en wanneer jy die foto so langs jou gesig hou dan kan mense sien die dis jou foto. dis jou fotobeeld.

So! Kom ons probeer weer!

Ek gaan hierdie beeldjie van Timoun weer so by my gesig hou en weer vir julle sê hierdie beeldjie van Timoun is my beeld.

Kan ek dit so sê?

4.**Sê die Bybel ons lyk soos die Here?**

Kom ons kyk weer wat sê die Bybel hoe het die Here ons gemaak!

27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

God het ons regtig sy beeld gemaak! Dit staan regtig so in die Bybel.

Nou wanneer ek vir julle sê Timoun is my beeldjie, dan weet julle Timoun is nie my fotobeeld nie. Ek lyk glad nie soos Timoun nie. En eintlik sal ek heeltemal simpel wees as ek dink ek lyk soos Timoun.

Kan die Bybel ooit bedoel ons is 'n fotobeeld van God. Ons lyk soos God?

Nee. Dit kan nie. As die Bybel op enige manier sou gesê het ons lyk op een of ander manier soos God, ons is God se fotobeeld, dan sou dit ook heeltemal simpel gewees het.

Die Bybel is nooit só simpel nie. Kyk wat staan in hierdie vers: as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Man en vrou is altyd sáám God se beeld. Hulle is nooit een-een God se beeld nie. En God lyk nie soos 'n man en vrou saam nie.

5.**Ons moet op die regte plek kyk!**

Kyk weer na hierdie beeldjie van Timoun in my hand!

Wanneer ek vir julle sê dit is my beeld en julle kyk na Timoun, dan dink julle ek sê hierdie beeldjie van Timoun lyk soos ek.

Maar kyk nou na 'n ander plek. Kyk na my hand! Ek hou hierdie beeldjie van Timoun
in my hand vas. Binne in my hand wys ek vir julle ek hou hierdie beeldjie in my hand want dit is mý beeldjie.

Ek kan en mag hierdie beeldjie van Timoun in my hand vashou, want dit is mýne!

Kyk na my hand en dan luister jy weer na die woorde: Hierdie is my beeldjie!

Wat sien jy nou as jy nie na Timoun se gesiggie kyk nie, maar na my hand?

Jy sien ek wys vir jou dat hierdie beeldjie van Timoun is myne! Ek mag so sê!

Want dit is regtig myne. Dit behoort aan my.
Maar as jy op die verkeerde plek kyk, na die gesiggie van Timoun, dan dink jy ek bedoel ek lyk soos Timoun.

5.**Die Bybel wys ons behoort regtig aan die Here**.

Dit is wat Mensies 1 vir ons wys: omdat die Here ons gemaak het, behoort ons aan die Here.

Hy het ons gemaak om soos ons self te lyk. Hy het Adam en Eva gemaak om soos hulle self te lyk. God het hulle gemaak om mense te wees en mense is altyd man en vrou saam.

Daarom is ons Syne!

So as die Here sê ons is Sy beeld, dan moet jy nie na ons gesiggies kyk en dink ons lyk soos God nie. Jy moet na die Here se hand kyk wat ons gemaak het en wat altyd vashou. Dan weet jy ons is sy beeld want Hy maak ons soos onsself en hou ons altyd vas.

Die besondere wyse waarop die Here ons gemak het, is dat Hy ons self maak en altyd vashou en ons wil altyd hê Hy moet ons vashou.

Ons behoort aan die Here en ons wil aan die Here behoort.

6.**Regtig of speel-speel!**

Watter een is regtig en watter een is speel-speel?

Ons is die Here se beeld omdat Hy ons maak om soos onsself te lyk en aan Hom te behoort?

of

Ons is gemaak om soos God te lyk. Ons lyk net soos God?

Die een wat regtig is, is dat ons aan die Here behoort! Dan kyk en sien onsself binne in die hand van die Here. En dit is ook wat die Bybel vir ons leer.

Die speel-speel een is dat ons lyk soos God. Dit kan nooit regtig wees nie.

7.**Ongelowige mense dink speel-speel is regtig.**

Hierdie jaar gaan ons julle ook iets snaaks wys. Daar is regtig mense wat dink speel-speel is regtig. Daar is mense wat dink jy moet soos God lyk! Hulle het baie maniere om dit te sê: jy moet God se beeld vir mense wys; jy moet Jesus vir mense wys; jy moet Jesus se lewe uitbeeld met jou lewe.

En raai wat?

Wanneer hulle dit sê dan is dit nie vir hulle speel-speel nie. Dit is vir hulle regtig só. Wat gaan julle dink as ek Timoun se beeldjie so langs my gesig hou en ek glo regtig ek lyk soos Timoun? Ek is nie besig om net te speel nie?

Julle sal weet ek is nou regtig simpel!

Die Bybel het 'n naam vir hierdie simpelheid. Dit is afgodsdiens. Dit is speel-speel lyk soos God wat mense dink dit is regtig.

Hoekom dink hulle speel-speel is regtig?

Want hulle kyk die gesiggie. Nie na die hand wat jou vashou nie.

Hulle glo nie in God wat jou in sy hand elk dag vashou nie en daarom is speel-speel vir hulle regtig. Maar dit is net regtig afgodsdiens. Hulle lyk regtig nooit soos God nie.

Ons glo God naak ons en hou ons vas. Daarom weet ons ons behoort aan Hom en ons lyk nooit soos God nie.